Junie 2018

# Stellenberger

## ’n Nuwe leraar is beroep

**Ds. René Potgieter is na Stellenberg beroep en het die beroep op 4 Junie aanvaar. Ons is opgewonde om haar by die gemeente te verwelkom en *Stellenberger* het solank voorbrand gemaak deur haar van nader te leer ken.**

René is tans leraar by die NG Kerk Gamkavallei, Beaufort-Wes. Sy vertel dat sy gebore is in Beaufort-Wes en dus ’n baie lang verbintenis met die dorp het. “Na matriek is ek Bloemfontein toe om te studeer en in 2006 is ons as ’n gesin weer terug na Beaufort-Wes, sodat ek my gemeentejaar as deel van my teologiese opleiding kon voltooi. Daarna is ek na die NG Kerk Gamkavallei in Beaufort-Wes beroep, waar ons die afgelope 12 jaar gewoon het.

Die NG Kerk Gamkavallei is maar ’n klein gemeente met omtrent 200 lidmate. Daar is drie NG gemeentes in Beaufort-Wes en my gemeente is geseënd met ’n baie aktiewe jeuggroep, ’n groot kinderkransgroep (KIX) en sy eie skooltjie. Die gemeente streef daarna om ’n verskil in mense se lewens te maak. Heelwat van ons lidmate kry veral finansieel baie swaar.”

Van Beaufort-Wes sê René gaan sy die plaas tussen die pragtige Karookoppe en die voorreg om tussen die bossies te kan stap, die meeste mis. “En sekerlik my plaasdiere wat varke, donkies, ponies, kwakereende en perde insluit.”



Volgens René is haar gesin baie opgewonde oor die verhuising na die Kaap. Hulle wou nog altyd graag in die Kaap woon, veral omdat die kinders in hulle hoërskooljare na ’n skool, ver van die huis af, sou moes gaan. Die verhuising beteken minstens dat ons as gesin nader aan mekaar gaan wees.

“My twee seuns is 13 en 11 jaar oud en verskil soos dag en nag van mekaar. Die oudste, Jaden, speel rugby en krieket en hou daarvan om enige toestel uitmekaar te haal en weer inmekaar te sit. Hy beoog om volgende jaar sy hoërskoolloopbaan by die Hoërskool Drostdy in Worcester te begin,” sê René.

”Joshua, die jongste, is lief vir *ballroom*-dans, musiek en drama. Hy is van jongs af die akteur in die gesin en tokkel graag op die klavier.

Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

"My man, Dries, het 'n wonderlike gawe van die Here ontvang om met mense te werk. Hy sal waar moontlik altyd mense help, al is dit dikwels ten koste van homself. Hy is opgelei in rekeningkunde, maar was al 'n onderwyser, rekenmeester en is nou 'n gasteplaasbestuurder. Dries sal tot die einde van die jaar voortgaan om die gasteplaas te bestuur en ons bid en vertrou dat hy weer 'n soortgelyke geleentheid in die Kaap sal ontvang. Intussen is ek baie dankbaar dat hy bereid is om te gaan waarheen die Here my roep."

René het al wye draaie in haar loopbaan gemaak. Sy was voorheen dosent by die Vista Universiteit in Welkom, asook werksaam by die Kaapland se moderatuur.

Sy sê dat ten spyte van alles wat sy al in haar beroepslewe gedoen het, lê haar passie steeds by die bediening van 'n gemeente. "Om mense op hulle geestelike reis saam met die Here te begelei, maak my die gelukkigste." Binne die bediening beskryf sy haar spesifieke passie en gawes as: Woordbediening, lofprysing en pastoraat. "Ek geniet dit om God se Woord saam met mense te bestudeer. Daarby lê lofprysing en aanbidding deur musiek my na aan die hart, asook om mense deur seer en swaarkry na heelwording te begelei."

Vir 'n ma met twee tienerseuns is persoonlike stiltetyd waarskynlik 'n uitdaging, maar René verduidelik dat sy soggens vroeg opstaan en wanneer die hele huis nog slaap, die tyd gebruik om stil te word by die Here. "Dit voel vir my dan is my gedagtes nog rustig en kan ek my saam met die Here voorberei vir die dag wat voorlê," sê sy. "In my vryetyd is ek lief vir lees, stap in die natuur en speel graag klavier." As gesin is die Potgieters groot kampeer-entoesiaste. "Ons boswa word gereeld gelaai en dan word die ooppad sonder selfone, skootrekenaars en TV's aangepak."

Stellenberg-gemeente se uitreikspanne het René die afgelope twee jaar as iemand leer ken wat graag 'n verskil in die gemeenskap waar sy bedien, wil maak. René verduidelik dat sy van mening is dat die kerk 'n beduidende rol moet speel in die opheffing van arm gemeenskappe in Suid-Afrika.

"Ek sien die kerk se rol beslis nie net na binne sodat ons gemaklik geestelik kan groei en in daardie ruimte tevrede kan wees nie. Ons groot taak is juis daar op die stofpad – ons sien dit tog duidelik in Jesus se bediening. As kerk moet ons uitgaan na mense, vir hulle gaan lief wees, gaan omgee en gaan ophelp, maar om dit te doen moet ons mekaar as die kerkfamilie van Christus versterk en in die geloof ondersteun," sê René.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Uitreike 2018 – hier gaan ons!





**Die uitreikspanne is in totaal 105 jongmense sterk en uitreikers is hard besig met opleiding en voorbereiding om gereed te maak vir die komende uitreike na Leeu-Gamka, Beaufort-Wes, Prins Albert, Calitzdorp, Mavusa en Bambisana. Ds. Why Duvenhage is oorhoofs verantwoordelik vir alle uitreike van Stellenberg-gemeente en het kortliks met *Stellenberger* 'n paar gedagtes rondom die uitreike gedeel.**

**Wat is in die eerste instansie die doel met die uitreike?** Die hoofdoel met ons uitreike is en was nog altyd om God se naam te verheerlik. Dít gebeur deurdat jongmense op 'n vars en nuwe manier die liefde van Jesus met gemeenskappe gaan deel. Die ontwikkeling van plaaslike leiers in gemeenskappe is ook van groot belang en daarmee saam ook die vestiging van projekte soos byvoorbeeld voedingsprojekte en die YES-skool vir voorskoolse kinders in Prins Albert.

**Is daar spesifieke take soos verf- of bouwerk wat afgehandel moet word?** Die belangrikste bouwerk wat tans afgehandel moet word, is in Bambisana waar die badkamerkompleks aandag nodig het. Ons het 'n span met 10 jongmense wat daarheen gaan en hulle sal skouer aan die wiel moet sit. In Mavusa word 'n boorgat gesink en 'n pypleiding moet gelê word. Ons doen ook deurgaans op alle uitreike by inwoners navraag of daar mense is wat instandhoudingswerk aan hulle huise benodig. Op die manier het ons al heelwat pensioenarisse en enkelouers se huise in Leeu-Gamka, Calitzdorp en Prins Albert aansienlik opgekna.

**Watter ander gemeentes neem saam met Stellenberg aan die uitreike deel?** 'n Verskeidenheid NG- gemeentes en ook VGK-gemeentes reik saam met ons uit. Ons is baie opgewonde daaroor, want ons wil graag die uitreikvisie by soveel moontlik kerke en gemeentes vestig. Die NG Kerk Onrusrivier, Durbanville, La Rochelle asook VGK Kraaifontein en Klipheuwel is gemeentes in dié omgewing wat saam met ons gaan uitreik. Dan doen ons ook natuurlik baie moeite om goeie verhoudings met die onderskeie gemeentes op die dorpe waarheen ons uitreik, te vestig. In die Koue Bokkeveld, Calitzdorp en Prins Albert is daar heelwat lidmate van die plaaslike VG Kerke wat saam met ons uitreik en deel van die uitreikspanne word.

Vervolg op bladsy 4 . . .

**As jy terugkyk oor al die jare – wat is volgens jou die grootste veranderinge wat deur uitreike tot stand gebring is en waar het ons die grootste vordering gemaak?** Verhoudings tussen mense het verander omdat ons beskouing oor mekaar verander het. Die manier waarop ons na die mense van die plaaslike gemeenskappe kyk, het verander en terselftertyd ook die wyse waarop hulle ons waargeneem het. Verhoudings is mettertyd gevestig, wat beteken ons kan nou met vrymoedigheid met mekaar praat oor probleme, mekaar se hande sterk en mekaar ondersteun.

Die vestiging van plaaslike leiers in gemeenskappe, wat aangaan met die werk nadat ons spanne onttrek, bly vir my die hoogtepunt van uitreik. Om Leeu-Gamka as 'n voorbeeld te noem – ons het uitstekende verhoudings met die plaaslike gemeenskap opgebou en daar is goeie leiers geïdentifiseer en opgelei. Van die leiers het al Kaap toe gekom om opleiding by Apostel Battery te ondergaan en vorm vanjaar deel van die uitreikspan.

**Wat is jou droom vir uitreike vorentoe?** My droom is kort en kragtig: Die opbou van mense en gemeenskappe. Ek sou graag meer gelowiges by die droom betrokke wou kry en in elke gemeenskap 'n groot groep mense met hoop vestig – hoop vir hulle eie én vir hul kinders se toekoms.

Daar is drie areas wat vir my uitstaan in die opbou-proses:

- Vroeë kinderontwikkeling: Daarom is ons so opgewonde oor die YES-skool wat ons saam met Shiloh in Prins Albert bedryf, maar daar moet een op elke dorp wees.
- Gesonde ontspanningsfasiliteite: Die jongmense op die plattelandse dorpe het weinig opbouende aktiwiteite om hulle mee besig te hou. Ek sou graag wou sien dat daar gesonde ontspanningsgeleenthede vir hulle ontwikkel moet word.
- Voedselsekerheid: Gesonde kos moet deurlopend vir mense beskikbaar wees. Groot mense en kinders is honger en dit is vir my onaanvaarbaar.

"Lidmate van Stellenberg moet asseblief voortdurend by die uitreike betrokke bly. Ons is afhanklik van julle ondersteuning. Indien dit vir jou moontlik is, gaan saam op ene en gaan beleef self die mense, die landskap en die gemeenskappe se eiesoortige kultuur – jy sal nie onverryk terugkeer nie. Of maak 'n bydrae deur 'n kombers te borg (die Karoowinters is ysig), of ondersteun 'n uitreiker finansieel, want heelwat van ons uitreikers, veral van die VGK-gemeentes kan nie die inksrywingsgeld bekostig nie," sê ds. Why Duvenhage.









# Louis ontvang 'n meestersgraad in kerkmusiek




**Stellenbergers is werklik bevoorreg om Sondag na Sondag die oggenddiens se voorsang onder die baie bekwame leiding van Louis van Loggerenberg mee te maak. Louis is reeds die afgelope 18 jaar die algemene musiekleier van Stellenberg, maar daarmee saam is hy ook die vakhoof vir musiek by Laerskool Parow-Noord en het hy ook onlangs 'n meestersgraad onder die wakende oog van die Universiteit van Wes-Londen verwerf.**

"My skripsie het gehandel oor my lewenslange bydrae tot en die ontwikkeling van kerkmusiek, asook musiekopvoeding op nasionale vlak oor 'n tydperk van 40 jaar," vertel Louis. "Ek het die graad in Kuala Lumpur, Maleisië, ontvang. Suid Afrika word onder die Asië-streek van die Universiteit van Wes-Londen ingedeel en daarom is die graad in Asië aan my toegeken."

Louis kan beskryf word as die spreekwoordelike lewenslange student omdat hy gereeld kursusse in sy veld deurloop. Op die vraag wat hom motiveer om voortdurend aan die studeer te bly, antwoord hy dat kennis binne 18 maande verouderd is. "Die onderwys- en die kerkmusiek- wêreld verander voortdurend. Ek dink nie ek sou meer 'n sinvolle bydrae kon maak met slegs my aanvanklike kwalifikasie wat ek in 1983 behaal het nie. Dié opleiding stel my in staat om gemaklik tussen tradisionele en kontemporêre musiek in eredienste en ook op ander gebiede, te beweeg."

Louis vertel verder dat die besoek aan Maleisië op sigself ook 'n belewenis was. Die stad is silwerskoon met werklik nie 'n enkele papier wat iewers rondlê nie. Verder is hulle ten volle ingerig om die hitte so hanteerbaar moontlik te maak – selfs die oorhoofse voetgangersbrûe is lugverkoel. Oral waar jy stap, voel jy ook veilig – selfs by baie besige markte.

Van Stellenberg se kant kan ons net die hoed lig en vir Louis sê baie geluk met die verwerwing van 'n meestersgraad en daarmee saam baie dankie vir jare se toewyding aan die gemeente en kerkmusiek in die algemeen. Ons hoop om as gemeente nog vir baie jare met sy kennis en vaardighede geseën te word.

# Die Kaapse waternood het ons weer nader aan ons Skepper gebring

deur: Reinhold Swart*

**Die waternood in die Kaap het 'n nuwe dimensie tot ons lewens toegevoeg, en skielik klink *Mad Max Rockatansky* se stryd op oorlewing nie meer so vergesog nie, maar het dit nou heel geloofwaardig geword.**

Ons Kapenaars het ook geleer om water spaarsamig te gebruik, ligvoets tussen die emmers in die stort deur te dartel, die Duitse vuurwa met gryswater te was en ons vernuftigheid met afvoerpype en koppelstukke te wys. Dag Zero het van elk van ons 'n waterbewuste "Hero" gemaak.

Daar het beslis ook 'n geestelike verdieping ingetree, veral as daar soos 'n ware Karooboer hemelwaarts getuur word om te kyk of daar nie 'n paar reënwolkies saampak nie. 'n Goeie geleentheid om dalk vir 'n reënbuitjie te vra, of net om dankie te sê vir al die ander seëninge. Daar is beslis baie! Bremer Gericke, 'n gemeentevriend van Barrydale, het juis tydens 'n gesprek oor gebed gesê dat hy nie sommer vra nie, maar verkies om dankie te sê.

'n Vorige Sondag het 'n ander oudleraar, Braam Hanekom, tydens die oggenddiens hierdie nader beweeg aan ons Skepper bevestig, deur te sê dat die droogte 'n gawe van God is, want dit dwing ons om weer ons Skepper te ontmoet. Met reg, en die speelveld is nou lekker gelyk. Ons staan nou almal soos bedelaars voor sy heilige troon, met 'n leë wateremmer in die hand. Arm en ryk, oud en jonk, is almal afhanklik van dieselfde watertoevoer.

Nood leer ons weer bid, en ek voel skuldig as ek sien hoe mense soos die huishulp en tuinman wat dit nie breed het nie, getrou Woensdagaande hul huisbyeenkomste bywoon, Saterdae iewers by 'n kerk-inisiatief betrokke is en Sondae die kerkdiens bywoon. Selfs Radiokansel het vir ons te veel moeite geword. Die waternood het heel moontlik daartoe aanleiding gegee dat kerkbywoning die Tygervallei-winkelsentrum uit die eerste posisie gedruk het.

Ons moet egter in geloof volhard en nie moed verloor nie. In profeet Joël se woorde lê daar vertroosting opgesluit: " ... want Hy het die reëns betyds laat kom, Hy het die vroeë en die laat reën soos voorheen gegee."

Trooswoorde uit sy Woord.

*Reinhold Swart is al sedert 1988 'n lidmaat van Stellenberg. Hy en sy vrou, Fransonette, woon in Mosellestraat 4.





Die foto's van die Theewaterskloofdam is in September 2017 deur Reinhold en Fransonette geneem.



# Stellenberg se medewerkers in Frankryk



**Die gemeente se medewerkers is oor ons kontinent en die res van die wêreld versprei. As gelowiges is dit vir ons belangrik om dié dissipels van Jesus te ondersteun in die uitbou en uitdra van God se koninkryk.**

Ons plaas hierdie maand die fokus op **Johan en Rita Bloemhof**, 'n sendelingpaar wat al 35 jaar kinderevangelisasie in Frankryk behartig. Ons junior kategesegroepe ondersteun hulle in dié belangrike bediening. *Stellenberger* het met die hulp van die internet met Johan gesels om meer van hulle werk te wete te kom.

**Waar presies in Frankryk werk julle**? Ons is naby Parys gevestig in die dorpie Lisses.

**Julle bediening fokus op kinderevangelisasie – wat behels dit presies ?** Ons werk saam met *Child Evangelism Fellowship France*. Die organisasie sal volgende jaar al 70 jaar in Frankryk werksaam wees. Ons het veertig werkers in die groep en versprei die Goeie Nuus deur kampe, huisklubs, opelugwerk, kerke, ens. Ons doen ook baie korttermynuitreike saam met Suid-Afrikaners wat ons kom help.

**Hoe het die invloei van vlugtelinge in Frankryk julle werk beïnvloed**? Dit bied nuwe geleenthede om in die vryheid wat Frankryk bied, die Evangelie ook aan hulle te bring.

**Praat julle Frans**? Ja, dit is ons bedieningstaal en ook die eerste taal van ons vier kinders, hulle gades en ons sewe kleinkinders.

**Wat is volgens jou die grootste uitdagings in julle werk?** Kerke en gelowiges wat nie 'n visie het vir die verloregaande wêreld nie.

**Waaroor is julle opgewonde?** Hoe God oor al die jare getrou bly in die sendingveld en die groot deure wat Hy steeds oopmaak om die Evangelie nog verder te kan versprei.

**Glo jy die bediening maak 'n verskil?** Ja, 'n baie groot verskil in miljoene mense se lewens wat vir die eerste keer 'n deel van die Bybel in die hand kry, asook kerkplanting en dan veral t.o.v. kinders wat gered word.

**Waarby kan Stellenbergers spesifiek betrokke raak?** Dit sal wonderlik wees indien meer volwassenes saam met die entoesiastiese kinders van Stellenberg bid vir die redding van mense in Frankryk en op korttermyn saam met ons aan uitreike kom deelneem.

# Doopsondag en oupa-wees

Op Sondag 3 Junie het ds. Callie Visagie die voorreg gehad om vyf babas te doop waarvan twee sy eie kleinkinders was. "Van die ander doopouers is ook gemeentekinders wat nou weer hulle babas by ons laat doop het. Dit bly ook 'n groot voorreg om kinders wat verhuis het, of op ander plekke inskakel, deur middel van 'n doopplegtigheid nogmaals in die gemeente te kon verwelkom," sê ds. Callie Visagie.





Ds. Callie Visagie se seun, Gerdus en skoondogter, LIze-Marié Visagie (links), laat doop vir Izabella Mae Visagie en sy skoonseun, Schalk en dogter, Huibré van der Merwe (regs), laat doop vir Vera Seugnet van der Merwe.



Bennie en Chereé Pieters (links), laat doop vir Benjamin Pieterse.
Eben en Derize Laubscher (regs) laat doop vir Imke Lené Laubscher.





Foto links: Juane en Ilanie Heyn (regs), laat doop vir Aldert Hermias Cornelius Heyns.

# Sondagviering in Stellenberg

Deur: ds. Marius Breytenbach



## Jesus het waarlik uit die dood opgestaan

**Die Here het opgestaan . . . die Here het waarlik opgestaan! Met hierdie woorde het die eerste gelowiges mekaar op die Sondag, die dag van Christus se opstanding, ontmoet. Meer as twee duisend jaar later is dit nog steeds die kern van ons gemeentebediening, met 'n verskeidenheid mense wat verskillende geleenthede wat Stellenberg-gemeente aanbied, bywoon.**

Omdat die gemeente groot en spasie beperk is, bly dit vir ons belangrik om alles wat op 'n Sondag op die kerkterrein gebeur, goed te integreer. Daarom begin al ons oggenddienste, dwarsdeur die jaar om 09:00. Na die eredienste het kerkgangers geleentheid om in die teetuin en kafeteria (markplein) verder te kuier. Saans om 18:00 word die jeugdiens in die kerk aangebied met kleingroepe vir tieners wat daaruit voortvloei en om 19:00 word 'n aanddiens in die kapel gehou.

Op Sondae gebeur daar heelwat meer as dat ons net lidmate nooi om 'n terrein te besoek. Vandaar die oorsprong van die term "Sondagviering". Die volgende elemente van ons Sondagviering en meer spesifiek ons eredienste, is vir ons belangrik:

- Het jy tydens die erediens geleentheid gehad om **nader aan God** te kom?
- Sou dié ervaring jou vandag **nader aan ander mense** bring?
- Het die erediens of gesprekke met ander mense jou geïnspireer om **voortdurend te vernuwe?**
- Voel jy sodanig aangespreek dat jy deur jou lewe **'n verskil in die lewens van ander sal wil maak?**


Ons beleef God op verskillende maniere: rasioneel, analities, misties, konkreet, emosioneel en intuïtief. Die verskille, of verskillende spiritualiteite, kan baie maklik in 'n groot gemeente soos Stellenberg tot spanning en fragmentasie lei. Daarom is ons versigting om nie net by een vorm van spiritualiteit, of ekstreme vorms daarvan, vas te haak nie. Ons probeer om binne elke erediens geleenthede te skep waartydens gelowiges begelei word om na te dink, hulle te verwonder en om te wil doen. So word die opstanding van Christus vir ons waaragtig, sodat ons spontaan kan bely: Die Here het werklik opgestaan!

Ons is baie bevoorreg dat ons fasiliteite het wat vir verskillende vorme van eredienste en geleenthede aangewend kan word. Om verskillende spiritualiteite te akkommodeer het dit nodig geraak dat veral die kerkgebou vir veeldoelige behoeftes ingerig word en dat daar veral by die verhoogarea aanpassings gemaak word. Deur die jare is meer instrumente tot die samesang bygevoeg en die opgradering van die klanksisteem het ekstra drade en luidsprekers meegebring, wat die verhoog onnet laat vertoon. Met die goedkeuring van die kerkraad gaan die erediensbediening in die volgende paar maande aan die volgende aandag gee: Die bestaande kansel (wat moeilik verskuif) gaan met 'n ligter en meer praktiese kansel vervang word. Die liturgiese ruimte (verhoogarea) met instrumente, klanktoerusting en kabels gaan netjies gemaak word en 'n neutrale bergingsarea vir toerusting sal geïnstalleer word. Die skerms waarop liedere se woorde en beeldmateriaal vertoon word, sal vergroot word.

Ons wil graag elke lidmaat tuis en welkom by ons Sondagvieringe laat voel en ook elke lokaal wat vir eredienste gebruik word sodanig inrig dat dit 'n ruimte bied waar verskillende generasies 'n ontmoeting met God kan beleef.

# Die herlewing en verdieping wat Pinkster bring

Deur: ds. Marius Breytenbach




**Ons het tydens die afgelope Pinksterdienste die seën van 'n verskeidenheid geleenthede beleef. In die saalkompleks het voorskoolse, laerskool- en hoërskoolkinders onder leiding van Sunet Opperman, Brenda Visser en ds. Peter Kotze bymekaargekom. In die kerk is dienste saans deur ds. Callie Visagie en soggens deur Mike van Deventer gelei. Saans, na al die geleenthede, het oud en jonk in die markplein 'n koppie sop en koffie geniet.**

Die gebruik om tussen Christus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkstersondag vir dienste bymekaar te kom, is uniek aan ons kerktradisie. Dit het in 1860 met die herlewing in 'n Kaapse kerk begin en het gou na die res van die land versprei. Na 158 jaar word die tradisie van Pinksterdienste steeds regdeur die land voortgesit.

Wat is die herlewing en verdieping wat die Gees van God vandag by ons wil tuisbring? Handelinge 2 vertel dat die dissipels ter viering van die Joodse Pinksterfees, wat 50 dae na die Paasfees gehou is, in die bovertrek bymekaargekom het. Tydens daardie geleentheid is die Heilige Gees uitgestort en het gelowiges in die tale van al die "nasies onder die son" (destydse antieke wêreld) begin praat. Waaroor het hulle gepraat? Volgens Handelinge 2:11 het hulle tot in die uithoeke van die destydse antieke wêreld getuig oor die groot dinge wat God gedoen het. Pinkster was die geboorte van die kerk – dié kerk wat God se genade en liefde die wêreld ingedra het!

Die Joodse Pinksterfees waarvoor die dissipels bymekaargekom het, was 'n oesfees, maar het ook die Jode herinner aan Moses wat die volk, 50 dae nadat hulle in Egipte bevry is, by die berg Horeb uitgebring het. Daar het Moses die Wet (Jode verwys daarna as die Tora) van God ontvang. Pinkster was dus nie net vir Jode die begin van hulle vryheid na slawerny nie, maar juis ook die bevestiging dat God in hierdie vryheid hulle tot betekenisvolle lewens oproep. Die Wet (Tora), wat 613 bepalings gehad het, het elke aspek van die lewe aangespreek. Dit was hulle riglyn om reg te laat geskied, liefde en trou te bewys en bedagsaam voor God te lewe (Miga 6). Die Pinkstergebeure waarna Handelinge verwys, was 'n voortsetting van hierdie Ou-Testamentiese aanwyser. Die kerk, 'n gemeenskap van uiteenlopende mense, gedryf deur die Gees van Christus, verkondig daarom steeds God se sorg en seën oor alle grense heen.

Ons gemeentebelydenis wat al vir dekades deel is van ons gemeentekultuur, verwoord dit soos volg: *Ons strewe om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense uit te reik. Na mekaar in ons geloofsgemeenskap, na mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap, na mense in ons land en daarbuite, na moederaarde en alle vorms van lewe.* Ons glo dat die Gees van Christus ons hierdeur verdiep en ons dring om die gees van Pinkster te laat herleef in die wêreld waarin ons ons bevind. Ons rig daarom 'n werkroep aan ons lidmate om nou na Pinkster aan dié opdrag gehoor te gee.

# Musiekterapie – wat is dit?

**Stellenberg Ondersteuningsentrum wat berading en mediasiedienste aanbied, het ook nou 'n musiekterapeut wat haar dienste by die sentrum beskikbaar stel. Almarie du Preez, 'n geregistreerde musiekterapeut, vertel ons meer van dié nuwe benadering in terapie.**

**Wat is musiekterapie?** Dit is wanneer musiek en klank in verskillende vorme gebruik word om 'n persoon se fisiese, emosionele, sosiale en geestesgesondheid te verbeter.

Musiek is 'n wonderlike universele medium wat al eeue lank gebruik word om geestes en fisiese gesondheid te bevorder. Musiek is een van die min mediums wat die hele brein op een slag stimuleer.

Binne die musikale terapeutiese proses word 'n veilige ruimte gebied waarbinne die individu sy/haar gevoelens kan uitdruk sonder dat woorde gebruik word. Natuurlik is daar ruimte vir praat ook, maar om jou gevoelens om te sit in woorde is nie altyd vir almal maklik nie. Met musiekterapie doen die musiek die praatwerk en bied die musikale proses waardevolle inligting aan die terapeut rakende die kliënt se emosies en innerlike belewenis.

**Moet kliënte dan musikaal wees om baat te vind by musiekterapie?**

Geensins. Elke persoon beskik oor die vermoë om musikaal te kommunikeer deur middel van die bepaalde stemtoon, tempo en volume waarmee gepraat word. Die musiekterapeut beskik oor die nodige professionele musikale vaardighede om die musikale proses te fasiliteer. Die terapeut gebruik verskeie instrumente (bv. klavier, kitaar, tromme, perkussie) en tegnieke (musiek, luister, liedjieskryf, beweging, dans, sang en ontspanning) om die terapeutiese doelwitte te bereik.



**Wie kan baatvind hierby?**

Musiekterapie is geskik vir volwassenes en kinders van alle ouderdomme en terapie word individueel en in groepsverband aangebied. Dit is veral geskik vir persone wat trauma beleef het, sukkel met verhoudings- of verslawingsprobleme; emosionele en gedragsprobleme; fisiese en sensoriese gestremd-hede; kroniese pyn; asook vir diegene wat minder gemaklik voel met verbale kommunikasie.